**Sondag 25 September**

**Skrifgedeelte: Levitikus 26:34-45**
**Fokusgedeelte: Levitikus 26:40**

## Die Here gee perspektief op ons "hoekoms"

In teenspoed en beproewinge kom vrae spontaan na vore. Hoekom gebeur dit met my, met ons? God se volk het sekerlik dikwels met hierdie hoekoms baklei.

God se antwoord laat jou moed skep. Dit lig jou op uit die donker van jou hoekoms. Hy maak dit duidelik dat Hy nie ophou om in sy verbintenis met sy eiendom persoonlik met elkeen te werk nie.

In hierdie verbintenis bring Hy insig in ons eie situasie. Hy bring die erkenning van die pad wat ons geloop het, in die besonder waar sonde, ontrou en moedswillige verset ons lewe kenmerk. Hy laat ons insien dat ons die verbintenis met Hom minag of geringskat.

Die gevolg hiervan is dat ons insig na belydenis lei. Die sonde wat ons sien, maak seer. Die goeie pad om hier te loop, is om eerlik voor God te bely waarin ontrou gehandel is. Die pad is biddend in gesprek met God. Belydenis is om jou toevlug tot God te neem. Wie sy skuld bely, gee dit in werklikheid aan God oor. God word daardeur geëer en wil in sulke kleinword-oomblikke voor Hom uitkoms gee.

Sy Seun wat Hy gestuur het, is sy duidelike en persoonlike antwoord dat Hy met die sonde handel wat ons voor Hom bely. Sy belofte is: "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons ons sondes te vergewe …" (1 Joh. 1:9).

Daarmee kry die lewe weer duidelike koers op die pad van getrouheid in diens van die HERE.

*Sing: Psalm 91:1*

*Ds. MJ (Tinus) Smidt (Ficksburg)*